

**17 Julie**

**Filippense 2:12-18, (Teks: 2:15, 16)**

***Kom ons lewe as ligdraers***

'n Nuwe dag lê voor. Baie mense gaan vandag ons lewenspaaië kruis. By die skool, die winkelsentrum, die werk, vanaand by die konsert. En ons kan verseker wees - Baie van hierdie mense lewe sonder die Here Jesus en sy Woord. Hulle lewe in die duisternis! Die Here plaas ons juis daar tussen hulle vandag om soos ligte te skyn deur ons woorde en ons daede.

Die blye Evangelie van Jesus Christus moet nie net binne ons harte bly nie. Die ongelowige wat my pad kruis moet hoor van Jesus Christus en sy verlossingswerk - dat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe het. Kom ons kry die moed om op hierdie dag die Woord van die lewe uit te dra en getroue getuies van Christus te wees.

Kom ons skyn ook vandag soos ligte deur ons optrede. Van nature is ons lewens die ene duisternis. Maar deur geloof in Jesus, die Lig van die wêreld, word ons lewens veilig deur sy Heilige Gees. Kom ons leef ook op hierdie dag vanuit 'n lewende en intieme geloofsverhouding met God, 'n lewe van liefde weg van onself en tot voordeel van ander. 'n Lewe as oorgegewe Christene.

En kinders, skyn soos 'n lig by die skool tussen die ander kinders. Moenie saam die eenkantkind spot en terg nie. Moenie saam lieg vir jou onderwyser nie. Skyn soos 'n lig deur fluks die talente te gebruik wat die Here aan jou gee. Ja, hoe gaan die lig lyk wat vandag uit ons straal?

Sing: Psalm 119:39

Ds. L. du P. van der Vyver (Roodepoort)